

CLUSTER VRAESTEL
FET – AFRF – GT – 09
MIDRAND FOURWAYS OTHER PRETORIA
VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12
VRAESTEL 1

TYD	2½ UUR
PUNTE	100
EKSAMINATORS	CLUSTER ONDERWYSERS
SAMESTELLER	ME. K GROBBELAAR
MODERATRISIE (EKSTERN)	ME. M PRATT ME. G MECCHI ME. C MALAN
DATUM	2021

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)
3. Beantwoord al die vrae.
4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 KOERANTARTIKEL**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Matrieks gereed vir Antartika
deur Nazley Wilschutt**

1. Gepantser teen die koue is vyf matrieks slaggereed om saam met die avonturier, Riaan Mantser, op 'n Russiese vliegtuig na Antartika te vertrek. Cobus Burger van die Hoërskool Duineveld in die Noord-Kaap, Ayakha Melithafa van die Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap en Tegnologie, Boiketlo Lamula wat aan die Sedhaven High School in Heidelberg in Gauteng gematrikuleer het, Thea Earnest van die Mountainview Secondary School in KZN en Kelby Barker van die Diocesan School for Girls in die Oos-Kaap het gister saam met Mantser na Antartika vertrek. Die vyf tieners is baie opgewonde oor hierdie avontuur wat op hulle wag.
2. 'n Aanlyngeleentheid is Dinsdag gehou om hulle te groet. "Dit is 'n geleentheid wat julle nooit sal vergeet nie; daarom moet julle die meeste daarvan maak," het Filicity Purchase, burgemeesterskomiteelid, aan die groep gesê. Ian Neeilson, onderburgemeester van Kaapstad, het die groep ook sterkte toegewens. Thea sê sy kan nie wag om te vertrek nie. "Ek is baie dankbaar vir die geleentheid. Dit gaan nogal snaaks wees om myself te sien akklimatiseer, maar ek is opgewonde."
3. Manser het verlede jaar die projek *Matrics in Antartica* bekend gestel nadat talle van sy ekspedisies weens die Covid-19 pandemie in die slag gebly het. Hy moes 'n nuwe projek beplan nadat die pandemie die nuwe reeks van die MNet-avontuurprogram *The Odyssey* einde verlede jaar in die wiele gery het. Daarom het hy matrikulante van oor die land genooi om in te skryf vir dié avontuur. Die matrikulante moes in 100 woorde of minder sê hoe die ontdekkingsreis hulle gaan help om 'n groener, meer volhoubare bestaan op aarde te voer.
4. Manser het saam met Fadli Wagiet, onderwyskundige aan die Universiteit Stellenbosch en Maryke Musson, uitvoerende hoof van die Twee Oseane-akwarium, 100 matrikulante uit al die inskrywings gekies en toe 50. Die top tien inskrywings is in Desember aangekondig. Prof. Jonathan Janse, verbonde aan die US, sal die span as beskermheer van *Matrics in Antartica* lei.
5. Die reis sal 'n week duur. Manser sê die reis fokus op omgewingsopvoeding en verryking, asook die verkenning en die ontwikkeling van toekomstige leiers met 'n sterk omgewingsetos. "Die groep sal uitgedaag word om oplossings vir omgewingskwessies, soos besoedeling, waterskaarste, voedselsekerheid en volhoubare energiebronne, te vind terwyl die welstand van die planeet in ag geneem word.

6. Hy sê die matrieks sal ook die geleentheid kry om eksperimente te doen. "Hulle sal onder meer die varswater van Antartika ontleed en die biodiversiteit bestudeer, asook fisiologiese ondersoeke doen na hoe die liggaam op die ysige toestande reageer."
7. Die vyf matrieks moes hulleself nege nagte lank in die Table Bay Hotel in die V&A Waterfront in Kaapstad isoleer voordat hulle na Antartika vertrek. Janette Horn, hoof van volhoubaarheid vir Sun International, sê hulle volhoubaarheidsbeleid is deel van al hulle sakebedrywighede en hulle evalueer voortdurend die impak wat hulle op plaaslike gemeenskappe, die omgewing en die veiligheid van hulle gaste en werknemers het.
8. Dit was belangrik dat die leerlinge, terwyl hulle in die hotel was, besef dat 'n mens se koolstofvoetspoor bepaal word deur daaglikse keuses, soos die kos wat jy eet, water wat jy drink, klere wat jy dra en die elektronika wat jy koop. Volgens Manser sal die groep ook die Queen Maud gebied verken, die nabygeleë Russiese navorsingstasie besoek en die rotsformasies bekijk. "Met 24 uur se sonlig sal hulle ook genoeg tyd hê vir lekker aktiwiteite, soos ystennis.
9. Manser sê die groep sal terugkeer met 'n baie groter begrip van hul impak op die wêreld en sal hulle gemeenskappe kan inspireer om saam te werk om hul koolstofvoetspoor te verminder en sodoende 'n beter omgewing vir almal te skep.



[Verwerk uit *Die Beeld*, 28 Februarie 2021]

1.1 Lees paragraaf 1.

1.1.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

Die matrieks is nog onseker oor hulle avontuur in Antartika. (1)

1.1.2 Haal **een woord** uit paragraaf 1 aan om jou antwoord in Vraag 1.1.1 te bewys. (1)

1.2 Hoekom, dink jy, is die matrieks tydens 'n aanlyngeleentheid gegroet sonder dat daar mense by hulle was? (2)

1.3 Haal 'n frase uit paragraaf 3 aan wat bewys dat die Covid-19 pandemie Manser se projek die vorige jaar gestop het. (1)

- 1.4 Noem een van die navorsingsprojekte waaraan die matrieks in Antartika gaan deelneem. (1)
- 1.5 Wat moes die matrieks doen om in aanmerking vir hierdie prys te kom? (1)
- 1.6 Hoekom, dink jy, is dit belangrik dat die vyf tieners weet wat hulle koolstofvoetspoor is? (1)
- 1.7 Hoe kan jy aflei dat dit nooit donker in Antartika is nie? (1)
- 1.8 Watter verandering sal die reis na Antartika op die vyf tieners hê? (1)
- [10]**

VRAAG 2 ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg deur na die inhoud van die advertensie te verwys.

[Bron: Hoërskool Durbanville]

- 2.1 In watter jaar is hierdie hoërskool gestig? (1)
- 2.2 Waar sal jy meer inligting oor die Opedag kry? (1)
- 2.3 Noem die hoërskool se naam wat hier geadverteer word. (1)
- 2.4 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
- 2.5 Wat is hierdie skool se leuse? (1)
- 2.6 Verduidelik wat die woorde "skool & koshuis" beteken. Verwys na beide woorde in jou antwoord. (2)
- 2.7 Hoekom, dink jy, word daar van die Durbie-familie in hierdie advertensie gepraat? (1)
- 2.8 Noem **een** manier waarop jy die skool kan kontak. (1)
- 2.9 Gee die korrekte Afrikaans vir die # teken in #TrotsDurbanville. (1)

[10]

VRAAG 3 SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Bron: Die Burger, 1 September 2020]

- 3.1 Die man dra 'n 3.1.1 (umbrella – vertaal in Afrikaans) ... onder sy arm en 'n 3.1.2 (scarf – vertaal in Afrikaans) ... om sy nek. (2)
- 3.2 Watter waarskuwing oor die weer gee die koerant? (1)
- 3.3 Hoe kan jy aan die vrou se gesigsuitdrukking sien dat sy verbaas is dat haar man gaan stap? (1)
- 3.4 "Ek gaan buitetoë om Lentedag te geniet."
Wat is ironies aan die man se woorde? (2)
- 3.5 Noem die twee troeteldiere in hierdie gesin se huis. (2)
- 3.6 Hoekom, dink jy, sit die troeteldiere binne-in die huis? (1)
- 3.7 Watter visuele aanduiding is daar dat die asblikke lank gelede skoongemaak is? (1)

[10]

30 punte

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4 WENKE OM JOU OUERS AAN JOU KANT TE KRY**

- Bestudeer die onderstaande teks.
- Som dan die wenke in jou eie woorde op.
- **Noem wat 'n mens moet doen om jou ouers aan jou kant te kry en hoekom jy dit moet doen.**
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne in ongeveer 70 woorde neer.

ONTHOU:

- Skryf 'n **woordtelling** aan die einde van jou opsomming neer.
- **Moenie** sinsdele direk uit die teks **aanhaal** nie.
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming **te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde)** is.
- **Elke hoofpunt moet slegs een sin bevat met die wenke oor wat jy MOET doen en hoekom jy dit moet doen.**
- **Nommer** jou sinne van 1 tot 5 en skryf **slegs een sin** by elke punt.
- **Verbind** jou sinne met 'n **voegwoord**.
- **Trek 'n streep** deur jou beplanning.
- **Begin** jou sin met: **Jy moet ...**

Gee jou ouers jou al jou dae?

Dit voel vir jou asof jou jongmenslewe verbygaan nog voordat jy dit kon leef saam met streng ouers. Hier is 'n paar wenke oor hoe om jou ouers om jou pinkie te draai:

As jy en jou ouers baklei, is die eerste strategie om oortuigend op te tree. Jy wil hulle van jou opinie oortuig. Vermy dit altyd om jou ouers aan te val en beskuldigende stellings te maak.

Kies die regte tyd om jou ouers te nader as jy iets wil hê. "Lees" jou ouers se buie: 'n pa wat baie moeg van die werk afkom is nie altyd baie vriendelik nie. Wag tot jou ouers ontspanne is voordat jy hulle 'n guns vra, want dan sal hulle instem.

Die beste manier om vinnig meer vryheid te kry, is om te bewys dat jy al die reëls op die oomblik volg. Jou ouers sal jou dan vertrou. Doen meer as wat van jou verwag word. As jy 'n paar keer bv. die hond bad, sal jou ouers dalk voel hulle skuld jou 'n gunsie.

Aggressie gaan jou verseker nêrens bring nie: jy moet rustig optree as jy jou ouers wil oortuig dat jy volwasse is. Jy voel lus om jou deur toe te slaan uit magteloosheid as jy kwaad is maar sulke gedrag sal jou ouers oortuig jy is onvolwasse.

Leuens gaan jou ook nêrens bring nie: hou by die waarheid. Om te jok waar jy die vorige aand was, gaan maak dat jou ouers jou uitvang en jou nie meer vertrou nie. Praat die waarheid. Dis nie die risiko werd nie.

[Bron: verwerk uit: <https://www.jw.org/af/bybelleringe/tieners/vra/met-ouers-oor-die-weg-kom/>]

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Taylor Swift – Kobus Grobler	
<i>vir Liebet</i>	
1	jy herhaal
2	haar woorde van melancholie
3	vir die hoeveelste keer
4	weer
5	en nou ná heeldag lank
6	se periodes skoolwerk
7	en pouses
8	alleen
9	se draal in die liedjie
10	val jy met skooluniform taai van skool
11	skoene uitgeskop
12	op die bed neer
13	sing jy die woorde
14	van haar nuutste CD
15	gelaai in MP3
16	snik
17	huil
18	grens
19	jy
20	want vir die eerste keer
21	in die spieël
22	met jou pa se oë vol trane
23	verstaan jy
24	weet jy
25	hoekom bome hulle blare verloor

[Bron: Touloupers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

5.1 Lees weer die titel en die subtitel van die gedig.

5.1.1 Wat is die funksie van die subtitel? (1)

5.1.2 Wat het Taylor Swift en Liebet in gemeen? Noem slegs EEN ding. (1)

- 5.3 Strofe 2 is alleenplasing. Hoekom staan hierdie strofe alleen? (1)
- 5.4 Haal drie aparte woorde uit die gedig aan wat aandui dat Liebet nog op skool is. (1)
- 5.5 Waar is Liebet in strofe 3? (1)
- 5.6 Hoe weet jy dat Liebet moeg is na die lang dag by die skool? (1)
- 5.7 Lees weer versreël 10.
"val jy met jou skooluniform taai van skool"
Wat suggereer die woord "taai" in hierdie versreël? (1)
- 5.8 Verduidelik die progressie in reël 16 tot 18. (1)
- 5.9 Lees weer die laaste versreël.
Verduidelik tot watter insig Liebet kom wanneer sy verstaan en weet "hoekom bome hulle blare verloor". (1)
- [10]**

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Sondagaande – Fanie Viljoen

- 1 die aand stuur sy roofvoëls uit in die taai donker
- 2 hulle draai eers rond
- 3 hoog bo die stad se woonsteldakke
- 4 maar mettertyd sirkel hulle laer, al laer
- 5 en sink neer op die krom lamppale
- 6 vanwaar hulle met skerp oë by vensters kan intuur
- 7 na die prooi wat elke week sielalleen voor Sondagaande staan

[Bron: Touloupers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 6.1 Verduidelik hoekom die meervoudsvorm "Sondagaande" in die titel gebruik word. (1)
- 6.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.
- Die verstegniek in reël 1 is _____.
- A hiperbool
B eufemisme
C personifikasie
D klanknabootsing (1)
- 6.3 Watter emosie ervaar die spreker wanneer hy verwys na die "taai donker" in reël 1? (1)
- 6.4 Die roofvoëls het dadelik op hulle prooi toegeslaan.
- 6.4.1 Sê of die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 6.4.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 6.4.1 deur 'n versreël aan te haal. (1)
- 6.5 Lees weer versreël 5.
- 6.5.1 Verduidelik die **letterlike betekenis** van die woorde "krom lamppale". (1)
- 6.5.2 Verduidelik die **figuurlike betekenis** van die woorde "krom lamppale". (1)
- 6.6 Wie is die "prooi" in die gedig? (1)
- 6.7 Waarom, dink jy, het die spreker negatiewe gevoelens op 'n Sondagaand? (1)

6.8 Gee 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig. Dui die alliterasie duidelik aan.

(1)
[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Wiskunde – Antjie Krog	
1	Elke dag sterf ek 35 minute lank
2	Vasgetangens in my bank
3	En voor die bord boer
4	'n iemand wat my wiskunde voer.
5	Gevra: Trek lyn AB en vind dan C.
6	Bewys: Ek trek AB
7	Ek konstrueer 'n middelloodlyn
8	op . . . verby die sterre
9	en vind C
10	alleen
11	Op Pythagoras sit hy kruisbeen
12	en ween, ween
13	so h�el alleen.

[Bron: *Versjoernaal*, saamgestel deur Lukas Malan en Henk Viljoen]

- 7.1 Verduidelik waarom die spreker elke dag vir 35 minute sterf? (1)
- 7.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte alfabet letter neer.
- Die stylfiguur wat die woorde "elke dag" in versre l 1 beklemtoon, is:
- A Alleenplasing
- B Klanknabootsing
- C Eufemisme
- D Inversie (1)
- 7.3 Na wie, dink jy, word daar in versre ls 3 en 4 verwys? (1)
- 7.4 Wat noem jy 'n strofe van 4 versre ls? (1)
- 7.5 Benoem die rymskema in die eerste strofe. (1)
- 7.6 Hoe word die woord "alleen" in versre l 10 beklemtoon? (1)
- 7.7 Wat, dink jy, gebeur met die spreker volgens versre l 8? (1)

7.8 Die spreker hou van Wiskunde.

7.8.1 Sê of die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

7.8.2 Motiveer jou antwoord deur na die inligting in die gedig te verwys. (1)

7.9 Watter soort spreker is in hierdie gedig aan die woord? (1)
[10]

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEDE**VRAAG 8 SINSTRUKTURE**

Bestudeer die strokiesprent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Verwerk uit: <https://zitts/suzannemccarty/status/995438564811923457>]


- 8.1 Jeremy sit en speel sy kitaar.
Verlede week ... (1)
- 8.2 Het sy ma ooit opgehou om oor sy kamer te kla?
Nee, ... (1)
- 8.3 Sy ma kla oor die klere, want Jeremy sien dit nie raak nie.
Sy ma kla oor die klere aangesien ... (1)
- 8.4 Sy ma sê: "Jy lewe in totale wanorde."
Sy ma sê dat ... (1)
- 8.5 Jeremy ignoreer daaglik sy ma se tirades.
Sy ma se tirades ... (1)
- 8.6 Jeremy se ma vra oor sy vuil kamer. Jeremy gee haar 'n sarkastiese antwoord.
Nadat ... (1)
- 8.7 Jeremy sal sy klere slordig onder sy bed indruk.
Sy klere ... (1)

- 8.8 Jeremy moet die kitaar neersit om sy klere weg te pak.
Jeremy behoort ... (1)
- 8.9 Jeremy het geen respek vir ander mense nie.
Volgende maand ... (1)
- 8.10 Hy sal elke dag moet oefen om sy kamer skoon te maak.
Hy sal elke dag moet oefen sodat ... (1)
- 8.11 Die vloer lyk deurmekaar. Jeremy gooi die klere op die vloer.
Die vloer waarop ... (1)
- 8.12 Sy skoolboeke is deur hom onder die klere weggesteek.
Hy ... (1)
- [12]**

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die strokiesprent gebaseer is deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.



[Bron: Google images JIM DAVIS]

Die kat, Garfield, het die grootste **9.1 (oog – gee die meervoud)** wat altyd uitkyk vir nuwe **9.2 (planne – gee die verkleinwoord)** om die honde te pla. Garfield het eerstens Marmaduke se **9.3 (klere / kleure – kies die korrekte woord)** na wit en swart verander sodat Marmaduke nou siek en **9.4 (bleek – gee die intensiewe vorm)** lyk waar hy verbaas buite sy **9.5 (hond + hok – gee die korrekte vorm van die woord)** sit.


Odie se **9.6 (tail – gee die korrekte Afrikaanse woord)** swaai opgewonde terwyl Garfield **9.7 (rond / om – kies die korrekte woord)** hom loop. Dan begin Garfield hardloop en Odie volg **9.8 (hy / hom / sy – kies die korrekte voornaamwoord)** met sy kop. Hoe **9.9 (vinnig – gee die vergrotende trap)** Garfield hardloop, hoe dronker voel Odie. Odie is nou **9.10 (dronk – gee die intensiewe vorm)**. Die **9.11 (snaaks – gee die oortreffende trap)** van alles is dat Garfield lankal opgehou het met die speletjie.

Die **9.12 (verwar – gee die verlede deelwoord)** Odie het dit nog nie besef nie. Hy dink Garfield speel nog saam **9.13 (by / met – kies die korrekte voorsetel)** hom en hy hou net aan. Odie sal **9.14 (binnekort / kortliks / kort-kort)** **9.15 (a.g.v. – skryf die afkorting volledig uit)** hierdie speletjie omval en tot **9.16 (4:00 – skryf die tyd in woorde)** net lê en slaap.

[16 x ½ = 8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder deur.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer net die woorde neer van die persoon wat praat. Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.
- Elke respons moet 15–20 woorde lank wees.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.



[Bron: Google images]

Die matrieks sit in die Afrikaanse klas en bespreek hierdie jaar.

- 10.1 Leerling A voel **moedeloos** oor sy Afrikaanse punte en lewer **negatiewe** kommentaar omdat hy onsuksesvol is met Afrikaans. Skryf neer wat hy vir die klas sê. (2)
- 10.2 Leerling B bemoedig leerling A en sy **inspireer** hom vir die finale eksamen. Watter **positiewe raad** gee sy aan hom? (2)
- 10.3 Leerling C sit kop onderstebo en dink. Hy is **bekommerd** oor universiteit en of sy punte goed genoeg sal wees vir die beroep wat hy wil volg. Skryf sy gedagtes neer oor die beroep wat hy wil doen en waarom hy bekommerd oor sy punte is. (2)
- 10.4 Leerling D tik 'n SMS op sy foon vir sy vriend in die ander klas. Hy is **ontsteld**, want hy glo die onderwyser hou nie van hom nie en is altyd **onregverdig** teenoor hom. Hy vertel vir sy vriend wat die onderwyser nou weer aan hom gedoen het om hom kwaad te maak. Skryf sy SMS neer. (2)
- 10.5 Die onderwyser (E) luister **simpatiek** na die leerlinge en verduidelik hoe hulle suksesvol en positief hul matriekjaar kan voltooi. Wat sê sy vir die klas? (2)

[10]

30 punte**Totaal: 100 punte**